

Wimpy Koekemoer.

# Groenes in hewige stryd gewikkel

**Carli Koch**

BARBERTON - Die vyfde been van die Mpumalanga Rugby-klubligas het die naweek plaasgevind. Barberton het Saterdag 10 Mei na Mbombela gery waar hulle met 41-19 vasgeval het. Die Groenes lê tans in die vierde plek met 53 op die Laeveld top-6 se eerstespan-punteleer. "Ons grootste struikelblok is die tyd tussen wedstryde.

"Die klub is klein en dus moet ons elke speler tot sy maksimum gebruik," vertel die afrigter Pieter Buys.

Die komende naweek het dié span 'n loslootjie waarna hulle teen die Rooikatte van Lydenburg, wat laaste op die punteleer met 17 punte is, speel. "Ek nooi almal uit om die wedstryde by te woon en die mooi kultuur van ons land te kom geniet.

"Ek wil graag aan al die ondersteuners langs die veld wat naweek na naweek hul tyd afstaan om ons te kom ondersteun, bedank."

Die span wil ook graag dankie sê aan hul borge, VR Cargo se Shaun van Rooyen, NTT Toyota Barberton en Barberton Ford.

Die tweede span het óók stert tussen die bene teruggekeer huis toe. Hulle het 7-48 teen die tuisspan verloor.

| | | |
|---|---|---|
| Eerste span | Barberton | 19 |
| | Nelspruit | 41 |
| Tweede span | Barberton | 7 |
| | Nelspruit | 48 |

**Puntemakers**

Drieë (15) : Niel de Wit, Dubisane Mkhabela en Jaice Terblanché.
Doelskoppe (4): Barney van Aswegen.

# Kohin-werkers hier om jeug se lewens te verbeter

**Anchen Coetzee**

Kohin Barberton is glad nie meer 'n nuutjie nie, maar nie almal weet presies waaroor hierdie organisasie gaan en waarvoor dit staan nie. Die area-bestuurder, Celia Joubert vertel *Barberton Times* meer. Tans is daar 'f jeugafrigters, of *coaches* soos .l algemeen bekendstaan, in die dorp. Hulle is Benson Rewu, Thelsa Mthunywa, Simon Mathlangu, Nomfundo Yende en Celia. Die vyfstuks werk by Laerskool Barberton, Fairview Primary, Mountainview Primary en Barberton Hoërskool, en hulle verpligtinge sluit onder andere krisishantering in.

"Ons stap 'n ontwikkelingspad met leerders waar verbetering nodig is. Gevalle waarvoor ons nie bevoegd is nie, verwys ons na ons ondersteuningsnetwerk wat uit sielkundiges, beraders, maatskaplike werkers en geestelike leiers bestaan," sê Celia.

Die rol wat hulle vervul is baie ondersteunend aangesien die onderwysers nie altyd tyd het om kinders in diepte te assesseer nie. Gebeur dit, word hulle na die Kohin-werker verwys wat dan op hulle beurt terugvoer aan die onderwysers gee. Die organisasie tree dus as 'n

> Indien jy dus van 'n Kohin-werker bewus is, gee hulle jou ondersteuning en laat hulle welkom voel

tussenganger of bemiddelaar op, wat gesprekke tussen die partye, hetsy ouers, onderwysers, of die Departement van Onderwys en kinders, fasiliteer.

Die visie van elke werker is om die jeug met hoop en 'n visie vir die toekoms te bemagtig en antwoorde op die unieke uitdagings wat jongmense daagliks in die gesig staar, te verskaf.

Hulle missie is om die bes moontlike jeugafrigters op 'n voltydse grondslag in 'n omgewing te plaas waar jongmense is, byvoorbeeld skole. Dit help hulle om alle verwante kwessies deur middel van verskeie projekte aan te spreek.

"By Kohin word ons deur waardes soos integriteit, dissipline, toewyding, bekwaamheid, uitnemendheid en egtheid gedryf," sê Celia.

Indien jy dus van 'n Kohin-werker bewus is, gee hulle jou ondersteuning en laat hulle ekstra welkom voel in Barberton, want hierdie groep jong mense is hier om ons jeug se lewens te verbeter.

Sou jy graag meer oor die organisasie wil uitvind, stuur 'n e-pos aan celia@kohin.co.za of besoek hul webwerf by www.kohin.co.za

# Skenking aan laerskool se leeslab trek wa deur die drif

**Anchen Coetzee**

Die leeslab van Laerskool Barberton het hul negende bestaansjaar gevier. Die vrou wat aan die stuur van sake staan, Marietjie Pienaar, vertel dat hulle hardeware heeltemal kapoet was, en sonder fondse sou dit onmoontlik wees om iets aan die saak te verander.

Gelukkig het twee instansies, Huizen Eiendomme en Barberton Myne, besluit om hulle te hulp te snel.

Verlede week het die prinsipaal van die eiendomsagentskap, Jaco Landsberg, 'n skenking van R10 930 gemaak. Hierdie geld is aangewend om 'n rekenaar-bediener (*server*) vir die sentrum te koop.

Barberton Myne se skenking het R10 000 beloop.

Beide is dit eens dat hulle daarin glo om in die toekoms van kinders te belê, aangesien 'n goeie opvoeding die beste plek is om te begin.

"Al die kinders in die skool vind baat by die leeslab en ons wil graag namens hulle ook dankie sê.

Sonder hierdie donasies sou die kinders glad nie verder van die rekenaarsentrum kon gebruik maak nie," het Pienaar gesê.




Pamela Ngwenya, Nhlanhla Manana, Luyanda Sikhosana, Sipesihle Ngomane, Anne-Rien Snyders en Malebo Msibi.

**NOTICE**
**ENVIRONMENTAL IMPACT ASSESSMENT (EIA) PUBLIC PARTICIPATION PROCESS**

An Application for Scoping and Environmental Impact Report Process was submitted to the Department of Economic Development, Environment and Tourism for consideration.

**DEDET Ref No: 17/2/3/E-275**

**Project:**
Proposed construction of 2 dams covering 16 hectares and establishment of agricultural fields covering 12 hectares.

**Location:**
The proposed two dams and agricultural fields are to be situated on Portion 3 of the Farm Sunnymead 600JT in Barberton, Umjindini Local Municipality in the Mpumalanga Province. The farm is located 30km from Barberton and 10km from Glenthorp turn off.

**Notice:**
Notice of a Public Participation Process is hereby given in terms of Regulation 54 of the Environmental Impact Assessment (EIA), 2010 Regulations promulgated in Government Notice No. R543.

**Registration:**
In order to ensure that you are identified as an Interested and/or Affected Party (I&AP) or if you wish to participate in the Process, submit your name, contact details and interest in the project to the contact person whose details are given below, within 30 days of publication of this Notice.

The Background Information Document (BID) and Comment and Registration Sheet can be downloaded from the website www.wandima.co.za, or can be requested from the Consultant.

**Date of Notice: 14 May 2014**
**Applicant: Long Creek Farming Pty (Ltd)**
**Consultant: Wandima Environmental Services**
**Public Participation Practitioner: Thandazile Silinda**
**Tel: 013-752-5452**
**Fax: 013-752-6877**
**Cell: 073-622-2221**
**E-mail: info@wandima.co.za**

WANDIMA ENVIRONMENTAL SERVICES

331263NL

# CLASSIFIEDS



DBV SPCA
Please support your local SPCA! 082-462-1457

**NOTICE OF APPLICATION FOR RE-INSTATEMENT OF ENTITY**

Take note that HANS MEYER (ID No. 830115 5010 089) intends on making an application to the Companies and Intellectual Property Commission (CIPC) for the restoration of COCO HAVEN 1051 CC (2004/040199/23). Take further note that any objection to this application must be lodged with the Companies and Intellectual Property Commission (CIPC), within twenty one (21) days of the date of publication.

CIPC
PO Box 429
Pretoria, 0001

331263NL

**BUILDING**

WE SUPPLY:
BUILDING SAND • PLASTER SAND
RIVER SAND • CRUSHER RUN
MAXI BRICKS • BLOCK BRICKS
STOCK BRICKS • GRAVEL/FILLING
FREE DELIVERY LOCALLY!
CHARMS SAND & BRICKS
076-385-6033

**BUY & SELL**

Strapped for Cash?
We buy reliable, neat vehicles for cash.
Phone / WhatsApp us today on 072-328-7065

**COMPUTERS**

KCS GROUP
Computers • Signage • ISP
013 712 7589
Computers
• Repairs & Sales
• CCTV
• VOIP Telephone Systems

**SIGNAGE**

KCS GROUP
Computers • Signage • ISP
013 712 7589
SIGNAGE
• T Shirt Printing
• Vehicle Branding
• Business Cards
• Posters & Flyers
• Signs & Banners